Preek 19 April 2020.

**Groete en Verwelkoming (Video)**

**Oomblik van stilte**

**Lied - Daarom**

Ten Spyte van die inperking is dit steeds ‘n voorreg om die woord van die Here te bring vir julle. Ek wens rerig dat ek vanoggend saam julle kon wees en deel in die heerlike teenwoordigheid van die Here.

Die woord sê immers dat daar waar 2 of meer in My vergader daar is EK sê die Here. Daarom daar waar jy is glo ons dat die Here teenwoordig is.

Mag vanoggend se boodskap vir julle elkeen iets besonders beteken.

Voor ek begin wil ek net vir een en elkeen wat die boodskap hoor sê dat die HERE jou oneindig liefhet. Hoor die woorde, luister na dit en glo vandag!

Dalk is dit juis in ‘n tyd soos hierdie waar ons mekaar se hande moet vat ek en as gesinne en familie ons oë rig na die leegheid van die kruis.

Ons verlosser en saligmaker en Here het opgestaan en daarmee saam vir ons nuwe lewe en hoop gebring.

Daarom groet ek julle met die woorde:

**Votum en Seën**

Vriende en familie die GENADE van die Here Jesus Christus, die LIEFDE van God, en die SAGTE HAND van sy Gees, sal met elkeen van ons wees. Amen!

Skriflesing**: Psalm 23**

**Die Here is my herder**…

Daarom vanoggend se teks is ‘n baie bekende en ou Psalm 23. Seker een van die mooiste psalms wat Dawid geskrywe het.

| | |
|---|---|
| 1 | 'n Psalm van Dawid. Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. |
| 2 | Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is. |
| 3 | Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam. |
| 4 | Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my. In u hande is ek veilig. |
| 5 | U laat my by 'n feesmaal aansit, terwyl my teëstanders moet toekyk. U ontvang my soos 'n eregas, ek word oorlaai met hartlikheid. |
| 6 | U goedheid en liefde sal my lewe lank by my bly en ek sal tuis wees in die huis van die Here tot in lengte van dae. |

**Lofsang** - Daarom

**Preek**

**Psalm 23**

Wanneer Dawid hierdie wonderlike Psalm skryf lyk sy situasie nie baie goed nie. Dit is ‘n donker en onsekere tyd wat Dawid moet aandurf, maar dan sien ons hoe Dawid na die Here kyk en eintlik aanroep in hierdie Psalm. Dawid maak hierdie ongelooflike belydenis wanneer hy bely dat die Here sy herder is.

Ek wil graag ‘n goue lyn trek deur die Psalm en dit koppel aan ons eie lewens. Wil hierdie Psalm so lees asof dit geskryf is vir mense van ons eie tyd.

As ons dan praat van ‘n Herder, dan moet daar tog iets wees waaroor hierdie Herder aangestel is. Nou vriende en familie as die Here jou herder is en ons dit bely soos Dawid, dan beteken dit mos dat ek en jy skape is van hierdie Herder.

Nou in ons verwysing vandag is dit nie altyd so *nice* om vir iemand te sê jy is ‘n ou skaap nie!  Want ‘n skaap is mos ‘n swak en dom dier meen baie mense.

In die lewe verwys ons meer na die groot en sterk diere.

Hiervan is daar baie tekens, maar ek noem sommer een wat ek vinnig aan dink.

Kyk sommer na die name van sportspanne.  Amper elke sportspan wat ek ken het hierdie kragname.  Dit is leeus, of olifante of haaie of luiperds of pumas of cheetahs en ja selfs die bulle.

Ek het nog nooit in my lewe ‘n sportspan gesien wat hulleself met trots, “Die blou Skape” noem nie.

Want sien familie en vriende die wêreld waarin ons leef is ‘n plek van krag en van mag en sterkte.

Ons leef in ‘n genadelose wêreld waar swakheid nie eintlik ‘n plek het nie.  Waar swakkes uitgeskuif word en sterkes verhef word.

En tog, op ‘n vreemde manier, troos dit ons om te weet dat ons die Here se skape is.  Want jy sien, as jy die Herder se skapie is:

- Beteken dit dat jy totaal en al van Hom afhanklik is.
- Jy kan nie vir jouself sorg nie,
- jy kan jouself nie beskerm nie,
- jy kan self nie die pad kry nie,
- jy het ‘n Herder nodig om jou te lei.

Om swak en afhanklik te wees van God in alles wat jy is en alles wat jy wil doen, is nie sleg nie, inteendeel dit is die beste plek om te wees.  Want die Een wat jou versorg, die Herder van jou lewe, **is die Koning van die wêreld!**

**So Jy kan maar Sy skapie wees, want Hy kan en wil vir jou sorg.**

Wanneer Dawid sy belydenis maak dat die Here Sy Herder is dan gaan hy ‘n stappie verder en sê “**Ek kom niks kort nie**”

Dawid het besef dat mens nie jou vertroue kan stel in aardse besittings nie, maar alleen op God kan jy jou vertroue plaas. Daarom in donker tye gaan Dawid en hy raak stil by die voete van sy Herder.

En nou kom Dawid en hoor ‘n bietjie mooi, hy sê dit vanuit ‘n ander perspektief, hy sê, as die Here jou herder is, sê die Here vir jou, jy kom ek niks kort nie. Jy het wat jy nodig het, want jy het vir My om vir jou te sorg!

Dit is wat ‘n goeie herder doen.  Hy sorg dat al sy skapies kry wat hulle nodig het.

- Vriende en geliefdes as jy mooi daaroor gaan nadink, en jy is eerlik met jouself glo ek elkeen van ons sal vanoggend kan sê:

**Ek het alles wat ek nodig het.**

- **‘n bed om in te slap**
- **Warm bad of stort**
- **Kos om te eet**
- **Water ons te drink**
- **En wat meer is ons het die Here wat vir ons SORG**

As ons vir ‘n oomblik verby die onself sal kyk en dit wat ons nodig het dan sal ons saam met Dawid kan vanoggend kan sê:

- **Die Here sorg vir my,**
- **Hy sorg BAIE goed vir my, so goed dat ek eintlik niks kort nie.**

Kyk bietjie na jou eie lewe, wat jy het en jy sal sien hoe die Herder oorvloedig voorsien in wat jy nodig het. Hy gee vir elkeen wat hy of sy benodig. En wat meer is Hy gee aan ons die belofte dat hy met ons sal wees vir altyd.

Ja, Hy gee nie altyd wat jy wil hê nie, maar Hy gee altyd wat jy nodig het en Hy sal altyd sorg dat jy niks kort nie.

Net soos ons in die Ou testament lees van hoe die Here by sy volk was en vir hulle gesorg het so sorg die Here vandag nog vir jou en my vandag.

Jy hoef nie te wag vir iets voor jy gelukkig kan wees nie, want

**Jy is gelukkig omdat die Here jou Herder is.**

Vers 2 van Psalm 23 lees "**Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is.**"

- Nou Skape het rus en vrede nodig.
- Hulle het ‘n plek nodig waar hulle kan uitspan, waar hulle kan uitrus, waar hulle krag kan kry om verder agter die Herder aan te loop.
- Dit is ‘n herder se werk om sy skape by water en groen weivelde te kry sodat hulle genoeg kan eet en drink om te bly lewe.

Nou die probleem met hierdie versie is jou en my definisie van groen weivelde en plekke van rus en die Herder s'n nie altyd dieselfde is nie.

As ons dink aan groen weivelde en waters van rus en vrede dan dink ons aan vakansie, ‘n lewe iewers op ‘n eiland sonder probleme, gevaar, siekte, rekenings, krisisse en bekommernisse.

Maar ek dink die Here dink anders oor groen weivelde.

- Partykeer is die groenste weiveld om op ‘n siekbed te lê, of in ‘n krisis te wees.
- Partykeer is die groenste weiveld om hulpeloos en swak en radeloos en hartseer en bekommerd en moeg na die Here te roep.

Want dit is die tye en die plekke waar die Here ons op ‘n besondere manier voed en nuwe krag gee.

Dis die tye waarin die Here op ‘n besondere manier versorg selfs al is jy nie op daardie oomblik daarvan bewus nie.

Groen weivelde is nie altyd net die lekker en maklike tye in jou lewe nie.

Elke krisis, elke bekommernis, elke stukkie hartseer en moedeloosheid het die potensiaal om ‘n groen weiveld te wees.

Want dit is die tye wat jy leer om jou hande in die Herder se hand te sit en Hom toe te laat om jou te lei:

En hier vriende, belowe die Herder om jou elke keer by rus en vrede te bring.  Om jou te voed en nuwe krag te gee om aan te hou loop agter die ware Herder Jesus Christus aan.

Selfs al is die paaie nie almal gelyk nie en moet ons die donker dieptes van die lewe aandurf. Ja, "**Selfs al gaan die pad deur donker dieptes sal ek nie bang wees nie**" (v4).

As mens is ons gewaarborg van 'n lewe sonder gevare, sonder hartseer en sonder teleurstellings nie.

Partykeer gaan ons deur donker dieptes, maar dis al manier hoe ons by die groen weivelde van God se sorg kan uitkom.  Maar NOOIT OOIT is ons alleen nie. Omdat ons ons hand in die hand van die Herder geplaas het weet osn dat ons veilig sal wees.

Donker dieptes is tye waarin ons geestelik gevorm en gevoed kan word.

Donker dieptes is waar jy die stem van die Herder beter en duideliker en intiemer kan hoor.

Maar die donker dieptes eindig altyd by 'n groen weiveld en waters van rus.

**Slot**:

Psalm 23 het my geleer dat ek 'n skaap is, nie 'n leeu of 'n buffel of 'n renoster wat op sy eie regkom en vir homself kan sorg nie, maar 'n skapie wat van 'n Herder afhanklik is.  Ek is 'n skaap Here, maar wees U die Herder van my lewe!

Ek het Iemand sterker nodig.  Ek het Iemand groter nodig.  Ek het Iemand nodig wie se hand my hand sal vashou as ek bang raak.  Ek het Iemand nodig wat my sal optel as ek val.  Ek het Iemand nodig wat my sal inhardloop as ek wegdwaal.  Wees U my Herder, want ek wil net U skapie wees.

En dan antwoord die Here: Ek sal jou Herder wees.  Ek sal jou hele lewe lank sorg dat jy niks kort kom nie.  Ek sal vir jou nuwe krag gee en jou elke keer bring op 'n plek van rus en vrede.  Want in My hande is jy altyd veilig sê die Here.  Daarom is hierdie 'n

boodskap waardeur ek wil hê dat almal wat dit hoor vertroos en versterk mag word. Nie bang sal wees vir more nie, maar sal weet dat die Here reeds daar is om jou hand te vat wanneer jy val of sommer saam Hom wandel.

Joshua 1:9

| | |
|---|---|
| 9 | Ek self gee jou die opdrag. Wees sterk, wees vasberade. Moenie skrik nie, moenie bang wees nie, want Ek, die Here jou God, is by jou oral waar jy gaan." |

Daarom kan ons saam met Dawid bely en sê dat die Here is ons Herder en saam met Hom het ons nie nodig om te vrees nie. Mag julle die liefde van God ervaar en Sy hand neem en vorentoe gaan in die lewe. Mag julle elke dag lewe in ons Here se teenwoordigheid.

Amen

**Gebed**

**As gebed wil ek vra dat daar waar jy sit jy jou geliefde se hand sal vat en saam sal luister na die gebed wat gaan speel. Bid dit daar as familie saam**

**Lied – (Die Onse Vader video)**

**Seën:**

Mag die Here ons seën en ons beskerm; mag die Here tot ons reddingverskyn en ons genadig wees; mag die Here ons gebede verhoor en aan ons vrede gee".